

## Sing vooraf staande: Psalm 4:1 (p. 14)

- 1 Verhoor my, HEER, in donker dae, / God van my reg, send troos vir my!  
U wat my voer uit hinderlae, / hoor my uit vrye welbehae.  
O manne wat my nou bestry, / hoe lank nog word in teënhede  
my eer in skande omgekeer? / Hoe lank is jul met nietighede,  
met ydelheid en wind tevrede? / Word leuentaal deur jul begeer?

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 18:1 (p. 71)

- 1 Ek het U hartlik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.  
Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,  
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,  
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.

Geloofsbelydenis: Nicea

*Na die wet bely ons met Ps. 25:6 (p. 117) 'n lewe van versoening met die Here.*

Wet

## Psalm 25:6 (p. 117)

- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?  
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.  
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;  
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.

Gebed

- *Doksologie:*
  - *Aanbidding:*
  - *Skuldbelydenis:*
  - *Vergifnis:*
  - *Dank:*
  - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
  - *Algemene bede:*
  - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.

## Psalm 46:3 (p. 237)

- 3 Die HEER is daar, Hy hou die wag; / so gaan die donker uur dan om;  
Hy red wanneer die vroeë dag / goudglansend oor die berge kom.  
In wilde krygsgeruis / het nasies opgebruis,  
en koninkryke sink: / die HEER se stem weerklink – / 'n ganse wêreld beef voor Hom!

Skriflesing: Handeling 3

Teks: Handeling 3:16

**Maar Petrus sê: Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek  
vir jou: in die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, staan op en  
loop! (Handeling 3:16 AFR53)**

Die kerngedagte van die preek is: *Verwag jou redding in die Here Jesus Christus, want  
daar is geen ander naam onder die hemel waardeur ons gered kan word nie!*

Telkens wanneer ons van die wondergenesings lees, dink ons onwillekeurig hoe jammer dit tog is dat die kerk die gawe van wondergenesing verloor het!

- Nee, dis nie waaroor dit in hierdie Skrifgedeelte gaan nie!
- Dit gaan hier oor ons daaglikse verwagting. Wat is ons verwagtings? Verwag ons ons redding in materiële besittings of verwag ons werklik ons redding in die Naam van die Here Jesus Christus?

Materiële verwagtings hoef nie juis net geld te wees nie.

- Dit kan ook 'n ongesonde verwagting wees ten opsigte van die geneeskunde, of 'n te groot vertrouwe in die slaankrag van ons weermag.
- In elke saak moet jy jou redding van Jesus Christus verwag.

Dit is waaroor dit gaan.

Na aanleiding van hierdie wonderwerk, lewer Petrus 'n preek waarin hyself sy tema so aan ons verkondig:

**Die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander Naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie!**  
(Handelinge 4:12 AFR53)

In die Naam van Jesus Christus word ons herstel en genees. Die Here Jesus Christus genees nie net liggaamlik nie, maar ook geestelik. Daarom moet ons lewensverwagting deur ons hele aardse bestaan heen op God gerig wees.

Redding van ons sondes en die verwerping van die ewige lewe is alleen moontlik deur die geloof in Jesus Christus. Hy sê self:

**Glo in God, glo ook in My.** (Johannes 14:1b AFR53)

Uit ons teksvers kom die volgende sake na vore:

1. 'n Uitsiglose verwagting
2. Die onverwagte redding
3. Toepassing

#### 1. 'n Uitsiglose verwagting

'n Kreupel man sit by die poort van die tempel en bedel.

- Hy is in alle opsigte 'n *misplaaste figuur*, want volgens die Wet van die Here mag daar geen bedelaar in Israel gewees het nie.
- Maar hierdie gebod het onder die hande van die Fariseërs deurgeloop. Hulle het dit toe so vertolk dat dit 'n baie groot verdienste is om aan die armes aalmoese te gee.

Dit was natuurlik hoofsaaklik daarop gerig dat hulle hulle aansien by die volk sal verhoog as hulle dan groot aalmoese gee aan die bedelaars.

Uit 'n praktiese oogpunt gesien, sou hierdie bedelaar net so goed by die stadspoort kon gaan sit en bedel het.

- Maar hy het geweet dat hy by die tempel meer onder die aandag van die volk sal wees omdat die voorskrif van die Fariseërs die mense dwing om hom raak te sien.
- By die tempelpoort is die drukte aan mense ook net so groot as by die stadspoort, want almal wat kom bid, moet by hom verbygaan.
- Almal het hom dan ook geken, want hy het elke dag aalmoese van hulle gevra wanneer hulle gaan bid het.

Dit is die eerste rede waarom hierdie kreupele by die tempel sit en bedel.

So kom Petrus en Johannes dan ook tempel toe op die gebedsuur – dis omtrent drieur ons tyd.

- Dis belangrik dat dit vermeld word, want dis 'n baie besige tyd by die tempel.
- Die hele volk het nou opgekom vir die middaggebed of die aandoffer.
- Daar was dus baie mense wat gesien het hoe God hierdie kreupele bo alle verwagting gesond gemaak het.

Die tweede rede waarom hy by die tempel kom sit en bedel het, was die *verkeerde beskouing* wat in hierdie tyd ten opsigte van die tempel geheers het. In hierdie tyd was die Jode onderwerp aan baie heidense invloede.

- Een daarvan was dat hulle die tempel beskou het as 'n plek waarheen jy kan vlug as daar *magte, ellendes of bese geeste* is wat jou bedreig.
- Hulle het geglo dat die tempel die plek is waar jy enige magte wat jou teëstaan, kan oorkom – dit was vir hulle 'n soort van toevlugsoord wanneer jy in die noute raak.

Om hierdie heidense standpunt te kan regverdig, het hulle Joël 2:32 gaan verdraai. Daar staan geskryf:

**En elkeen wat die Naam van die HERE aanroep, sal gered word; want op die berg Sion en in Jerusalem sal daar ontkoming wees soos die HERE gesê het, en onder die vrygeraaktes die wat die HERE sal roep.** (Joël 2:32 AFR53)

Wat verwag hierdie man dan nou as hy elke dag hier voor die tempel sit en bedel? Of anders gestel: Wat dink hy is die doel van sy lewe?

Hierdie man is nie heeltemal sonder verwagting nie.

- Sy grootste verwagting is dat hy genoeg aalmoese sal ontvang vir sy daaglikse behoeftes – dit is ook al wat die Bybel van hom sê:

**Hulle het hom elke dag by die Skone Poort neergesit om aalmoese te vra.**

- Dit was egter nie 'n verwagting wat 'n blywende verlossing bied nie, want hy weet dat hy môre weer hier sal sit en bedel. Hy het geweet dat hy elke dag van sy lewe, tot sy dood toe, sou moes bedel vir sy bestaan.

Sy verwagting is uitsigloos.

- Lukas, die geneesheer, stel dit baie duidelik aan ons dat hierdie man *van sy geboorte af* kreupel was.
- Die woord wat Lukas vir sy siekte gebruik, beteken meestal *om verlam te wees*.
- Menslik gesproke is genesing vir gebrek onmoontlik. Hy is nou al ouer as veertig.
- As daar enige genesing deur 'n geneesheer moontlik was, sou hy al genees gewees het.
- Die kreupele het waarskynlik self ook geglo dat sy toestand ongeneeslik is.

Daar was vir hierdie man geen hoop op verlossing uit hierdie toestand nie.

- Hulle dra hom waar hy wil wees.
- Hy het geen verwagting nie, behalwe dat hy bekommerd is om lewensonderhoud in die hande te kry.

As Petrus en Johannes voor hierdie man staan, is sy verwagting dat hulle hom 'n besondere groot aalmoes sal gee.

*In hierdie opsig is die kreupele weer 'n misplaaste: Hy sit in die tempel, of, eenvoudig gestel, kan ons sê dat hy as't ware by God sit, maar hy vra geld.*

## **2. Die onverwagte redding**

Petrus het geen aalmoes gehad nie, maar die Gees het dit in hom gewerk om hierdie kreupel man te genees.

- Petrus en Johannes kon egter nie na willekeur gesond maak en wonders doen nie.
- Hulle was dienaars van God se wil – die Heilige Gees was hulle Leidsman wat hulle laat handel het soos God dit wou.

Petrus het die verlamde stip aangekyk en beveel om na hulle te kyk.

- Hy wou hierdie kreupel man opwek om die genade van God te ontvang terwyl hy maar net 'n aalmoes verwag het.
- Wanneer Petrus sê: “Kyk na ons,” is dit duidelik dat die kreupele iets besonder kan verwag.
- Met hierdie woorde eis Petrus sy aandag vir dit wat God met hom gaan doen.

Die Here Jesus is deur die Jode gekruisig.

- Vir hulle is Hy dood.
- Maar hier is Hy aan die werk.
- In die krag en in die Naam van Hom wat hulle gekruisig het, word 'n kreupel man genees en bekeer.

So groei die kerk van Christus steeds.

Maar voordat Petrus aan die bedelaar die ware redding in Christus kan bied, moet hy hierdie man se lewensverwagting verruim.

- Hy moet dit aan hom meedeel dat hy van die *verkeerde kant af* sy redding verwag.
- Om dit te doen, sluit Petrus aan by die kreupele se verwagting. Hy sê: **Silwer en goud het ek nie ...** Anders gestel, hy sê dat hy geen footjie het wat hy vir hom kan gee nie.

Ons kan ons voorstel dat hierdie bedelaar dadelik geskok was in sy verwagtinge.

- Oombliklik was enige vorm van hulp van die kant van die apostels vir die bedelaar uitgesluit.
- Petrus erken aan hom dat hy nie aan sy verwagting kan voldoen nie – hy het nie die geld wat hy van hom vra nie.

Maar Petrus wil hom graag help in sy nood en gebrek. Wat hy het, is hy bereid om te gee.

- Hy het geloof in die Here Jesus Christus wat so sterk is dat hy glo aan genesing – selfs die oombliklike genesing van hierdie man.
- Wat hy gee, is die *werk* en die *gawe* van Jesus Christus. Petrus wil aan hierdie verlamde iets van die hemelse heerlijkheid gee.

So word die verlies aan 'n aalmoes vir die lamme 'n wins in die Here Jesus Christus. Soos 'n basuinstoot van oorwinning klink die stem van die apostel:

**In die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, staan op en loop!**  
(Handelinge 3:6b AFR53)

Hiermee stel Petrus dit duidelik dat hy die dienaar van Jesus Christus is, en dat die Here Jesus die Werkmeester is van die wonder.

- Hiermee stel hy dit ook baie duidelik aan die kreupele dat dit is waar sy redding lê.
- Sy redding lê in Jesus Christus en nie in die voorsiening van sy materiële behoeftes nie.

Hy preek deur die genesing dat redding net op een manier moontlik is – in die Naam van Jesus Christus, die Nasarener.

- Die volle titel van die Verlosser!
- Die volle naam van Christus is nie 'n towerspreuk soos wat die Jode gedink het dat JHWH is nie.

Dit is *trionfantlike ironie* as Petrus praat van die Nasaréner. Met *Nasaréner* wil hy dit duidelik stel dat hierdie veragtelike en onaansienlike Jesus onder die Jode – wat hulle dan ook gekruisig het – nogtans die beloofde Saligmaker is.

- Hierdie skeldnaam versinnebeeld die gehoorsaamheid en priesterlike vernedering waardeur die Here Jesus sy volk verlos het.
- Aan hierdie Jesus het God alle mag in die hemel en op die aarde gegee. Daarom kan Hy hierdie kreupele met 'n wonder genees: liggaamlik en geestelik, *want ons lees nou vir die eerste keer dat hierdie man God geprys het.*

Deur die wonder preek die apostel dat sy krag van Jesus kom.

- **In die Naam van Jesus Christus** is dus ***op koninklike bevel: in die genade van Jesus en deur die goddelike krag van Christus.***
- Die Naam van Jesus is sy openbaring. Dis 'n konkrete geestelike krag – die persoonlike openbaring en aanwesigheid van God self.

Die aalmoes wat die kreupele ontvang, is genesing; maar nie genesing sonder meer nie. *Die eis is gehoorsaamheid en geloof in die Naam van Jesus Christus.*

### **3. Toepassing**

Die verwagting van die mens het meestal by die Here Jesus Christus verbygegaan! Met sy koms verwag Israel 'n leeu – en dan kom daar 'n Lam! Ons leef dikwels met soortgelyke misplaaste verwagtinge.

- Ons enigste verwagting moet die redding in die Here Jesus Christus wees. Dan skenk God die res.
- Hierdie kreupele sit by die tempel. Hy sit as't ware aan die voete van die Here, maar sy oë is op die mense gerig wat verbykom, met die verwagting vlak in sy oë dat hulle hom tog 'n aalmoes moet gee.

Dit is nie verkeerd om materiële verwagtinge te hê nie.

- Maar dan moet ons dit verwag onder die genade van God en ook nie so dat ons verwagting ten koste van die Here Jesus Christus is nie.
- Net soos hierdie kreupele verwag ons telkens ons heil uit 'n heeltemal verkeerde oord, al dink ons dat dit die beste vir ons is.

Ons verwagting kan alleen in Christus wees, omdat Hy ons met sy soendood reeds van ons geestelike kreupelheid genees het.

- Ons Nagmaalsformulier wys ons ook daarop dat die Here Jesus Christus deur sy dood die oorsaak van ons ewige honger en kommer weggeneem het, naamlik die sonde.
- Hy het vir ons die lewendmakende Gees verwerf.

Laat ons dan as mense wat geestelik gesond leef en dink, die Here Jesus Christus verwag totdat Hy weer kom om ons by Hom te versamel.

Ons grootste verwagting moet bo hierdie lewe uitstyg.

- Ons grootste verwagting is die vergewing van ons sondes en die ewige lewe.
- Dit is alleen moontlik in die Naam van die Here Jesus Christus, want dit is die enigste Naam wat aan die mens gegee is, waardeur ons gered kan word.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 86:1 (p. 431)

- 1 HEER, my God, ontferm U oor my, / luister na my stem, verhoor my!  
'k Is ellendig, diep in nood, / gans en al van hulp ontbloot.  
O bewaar my, U 's almagtig; / maak my weer u guns deelagtig;  
red u kneg, verlos my nou, / waar 'k alleen op U vertrou.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Hulpdienspredikant  
Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 29 April 2012